## BENODIGDHEDE
## KLEIN LAPPIE

Fyn, sagte borduurstof soos katoen of Ierse linne, sowat 30 x 30 cm; aftrekpotlood; no. 7 crewel-naald; 1 bolletjie pêrelkatoen (no 8) in kleur van jou keuse (ons het DMC nr. 797 gebruik); borduurraam.

## GROOT LAP MET RANDMOTIEF

Borduurstof van 90 x 90 cm; 3 bolletjies pêrelkatoen; ander benodigdhede soos bo.

## GROOT LAP MET RANDMOTIEF EN MOTIEF VAN KLEIN LAPPIE IN MIDDEL

Borduurstof van 90 x 90 cm; 4 bolletjies pêrelkatoen; ander benodigdhede soos bo.

## MAAK SÓ

**1.** Trek halwe middelmotief en symotief af. Voltooi middelmotief deur spieëlbeeld te maak en middellyne opmekaar te plaas. Maak spieëlbeeld van symotief en posisioneer weerskante van middelmotief. Dis een motiefherhaling.

**2. Vir klein lappie:** Bepaal middel van lap en trek sirkel met radius van 10 cm. Plaas 2 motiefherhalings teen mekaar sodat sirkel deur middel van motiewe loop. Plaas oorgangsblommetjie tussen 2 motiefherhalings. Trek nog 'n sirkel, nou met radius van 15 cm, en teken skulprandjie op die lyn.

**3.** Vir groot lap, vergroot motiewe 143 persent en stel motiefherhalings met kleiner hoek op sodat 'n egalige sirkel vorm. Bepaal middelpunt van lap en trek sirkel met radius van 35 cm. Vou lap in kwarte en pas een motiefherhaling op elke kwart in, met oorgangsblommetjie tussen elke herhaling. Trek nog 'n sirkel, nou met radius van 45 cm, en teken skulprandjie op die lyn. Om klein lappie se motief in middel te trek, volg aanwysings hierbo.

**4.** Span werk in 'n borduurraam. Werk blomme en blare in satynsteek en skulprand in kombersteek. Knip materiaal teenaan kombersteek weg met 'n fyn, skerp skêrtjie wanneer werk voltooi is. Was lap versigtig (vryf goed waar afgetrekte ontwerp uitsteek) en pars liggies aan verkeerde kant.

## STEKE

**Satynsteek**

Begin met 'n paar voorsteke in middel van blaar. Werk van buitelyn tot buitelyn, met steke styf teen mekaar. Steke kan reguit of teen 'n helling lê. Steek naald van agter af deur op die een buitelyn. Bring uit en steek van voor af in op buitelyn aan oorkant van ontwerp. Trek deur.
(Sien sketse 1 en 2.)

**Komberssteek**

Begin met 'n paar reguit stekies en bring naald aan onderkant van kepie tussen twee skulpies uit. Steek bo in en bring onder uit, gooi gare onder om naald en trek deur. Trek draad liggies om lus netjies te trek.
(Sien skets 3.)

## ANDER IDEES OM RAND AF TE WERK:

- Knoopsgatsteek
- werk kant vas
- werk rand af en hekel 'n mooi randjie

Ons verskaf een eenheid van die ontwerp, met instruksies vir 'n klein lappie (30 cm deursnit) of 'n groot lap (70 cm deursnit). Lesers kan ook 'n pakket, wat die materiaal met die patroon reeds daarop afgetrek, gare, aanwysings en 'n naald bevat, bestel. Die lap is 'n viskose-en-katoenmengsel van goeie gehalte en die ontwerp is in blou afgetrek. Die ink verdwyn heeltemal wanneer dit gewas word. 'n Keuse van gare is ook beskikbaar, nl. wit, Hongaarse grysblou, handgekleurde, geskakeerderde gare in pastelle of antieke pastelle. Vul die bestelvorm in en stuur dit saam met jou tjek of posorder uitgemaak aan House of Embroidery, aan *Rooi Rose*/Witwerk-aanbod, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.


SKETS 1



SKETS 2



SKETS 3



### BESTELVORM

Vul in en stuur aan House of Embroidery, *Rooi Rose*/ Witwerk-aanbod, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.


Stuur asb aan my: (Aantal) .................... klein lappies met die volgende:

........ sonder gare (R15)
....... met wit gare (R25)
........ met Hongaarse grysblou (R25)
........ met antieke pastelle (R25)
........ met pastelle (R25) **TOTAAL:** R..................

(Aantal)......... groot lappe met die volgende:

........ sonder gare (R45)
........ met wit gare (R75)
........ met Hongaarse grysblou (R75 )
........ met antieke pastelle (R75)
........ met pastelle (R75) **TOTAAL:** ....................


**GROOTTOTAAL:** R ..................................................................
Naam: ..........................................................................................
Adres: .........................................................................................
................................................................................ Kode: ...................
Tel: (h) ........................................ (w) ...................................





Helfte van middelmotief

VERGROOT DIAGRAM 143%

Symotief





Oorgangsblommetjie

**Witwerk is lankal nie meer net wit nie. Gebruik vir 'n verandering Delftsblou op wit en kyk hoe mooi is die effek! Deur Riana van der Merwe**

# Wit is nou blou



foto PETER WHITFIELD
emmertjie van PARROTS 'N POETS
stilering RIANA VAN DER MERWE